Sussex'e op Bloemskou

Die Sussex se gewildheid en sukses in Suid-Afrika neem steeds toe. Die resultate op die plaas én die balansstaat oortuig sowel stoet- as kommersiële boere van die ras se waarde.

Geleenthede soos die Bloemskou is die ideale toonvenster vir die Sussex-beestelers-genootskap. Daarom is die genootskap reeds dekades lank deel van die skou.

Vanjaar sal die genootskap van 26 April tot 4 Mei by die skou wees om die Sussex te bemark.

Die Bloemskou bied vanjaar 12 verskillende beesraskampioenskappe aan op die skouterrein in Bloemfontein.

Wees ook op die uitkyk vir die wenners van Vleissentraal en SA Stamboek se Elite-bulgroeitoetsklas wat op 30 April om 15:00 bekend gemaak word. Die Bloemskou se bees-interraskampioenskap word op 4 Mei aangebied.

KAMPIOENSKAP

Die nasionale Sussex-kampioenskap op 1 Mei om 09:00 sal groot aandag trek. Die volgende stoeterye en telers sal hul beste diere teen mekaar in die ring laat meeding:

- **Advocate:** Regter Callie Cillié (Bloemfontein).
- **Blema ba Kan:** Junior Keyser (Kroonstad).
- **Kiema:** Kiewiet van Jaarsveld (Reddersburg).
- **Grey-Maclean:** Linden Hewson (Oos-Londen).
- **Huntersvlei:** David Evans (Viljoenskroon).
- **Platdrif:** Nollie Stofberg (Worcester).
- **Pothou:** George Potgieter (Vredefort).
- **Vigorex:** James Stephen (Lanseria).
- **Kyknou:** Gert Fourie (Askam).
- **Witkwas:** Nico Bouwer (Delareyville).

EEUFEES

Die Sussex-beestelersgenootskap van Suid-Afrika vier sy 100ste bestaansjaar in 2020 nadat dit op 6 Mei 1920 in die lewe geroep is. Die genootskap is reeds bykans net so lank al betrokke by die Bloemskou, wat al sedert Mei 1883 aan die gang is.

Een van die hoogtepunte in die gesamentlike geskiedenis van die Bloemskou en genootskap was die nasionale kampioenskap en internasionale kongres van die Sussex-telersgenootskap vier jaar gelede. Dié geleentheid is op 30 April 2014 op die Bloemskou aangebied en een van die ras se toptelers, wyle mnr. Anthony Evans van die Rhys Evans-groep (Huntersvlei), het 'n leidende rol gespeel tydens hierdie wêreldklasgeleentheid.

Die 2014-kongres is gekombineer met 'n toer waar Sussex-telers van Namibië, Brittanje en Australië hul Suid-Afrikaanse eweknieë kon ontmoet. Dié geleentheid is 'n goeie voorbeeld van wat Sussex-liefhebbers tydens die eeufees kan verwag.

Voorbereidings het reeds begin en dit bied die ideale geleentheid vir stoeterye en verskaffers om as uitstallers en borge betrokke te raak.

Vir nog inligting oor die genootskap se Bloemskou-program of die eeufees, skakel **051 410 0955/0900**. **LBW**

NAVRAE: Webwerf: **www.sussex.co.za**; e-pos: **sussex@studbook.co.za**